

Ons Here Jesus Christus betree ons wêreld

Teks: Johannes 2: 1 - 12
Teksvers: Johannes 2: 1, 2

1. Inleiding

Geliefdes, ons word vanoggend stil voor 'n bekende teksgedeelte. Maar dit is nie net net 'n bekende teksgedeelte nie. Dit is ook 'n bekende gebruik, 'n bruilofgeleentheid. Die bevestiging van 'n huwelik neem verskillende vorme aan in verskillende kulture, maar is tot vandag toe nog, 'n gewilde aktiwiteit onder mense. Ons as Christen gelowiges bely ook die huwelik as 'n spesiale seëning van die Here aan ons as mense.

Die ander belangrike saak in ons teksgedeelte, is die begin van Jesus se bediening hier op aarde. Hierdie bediening begin met 'n onbetwisbare bonatuurlike wonder. Iets wat op praktiese en wetenskaplike manier duidelik verifieerbaar is. Want Jesus verander nie bloot water in druiwesap nie. Nee dit is reeds ten volle gefermenteer wyn van die beste gehalte. Iets wat op die natuurlike proses vandag nog jare neem, gebeur onmiddelik.

Maar wat het hierdie twee sake dan met mekaar te doen? Die bevestiging van 'n huwelik, en die eerste openbare optrede van Christus. Hoekom kies die Here spesifiek 'n bruilofsgeleentheid

om met Sy openbare bediening te begin. En hierdie bediening dan werklik so openbaar? Want dit gebeur eintlik juis daar in die binnekring. Behalwe vir Maria, die 12 dissipels en 'n paar werkers by die bruilof, weet niemand eers daarvan nie. Ons sien dat nie eers die seremonie meester daarvan bewus is nie.

Tog is dit juis die intieme nabyheid van hierdie groep mense wat die spesiale boodskap aan ons openbaar vanoggend. 'n Boodskap van intieme nabyheid, selfs in moeilike ongemaklike situasies. Kom saam na die bruilof in Kana, en kom beleef die grootste liefde en genade wat hier op aarde te vind is.

2. 'n Gewone alledaagse geleentheid

Soos ons reeds gesê het, is huwelike 'n alledaagse geleentheid. Ons almal onthou 'n tyd in ons vroëer volwasse lewens waar ons baie uitnodigings na bruilofsgeleenthede ontvang het.

Miskien ook dit tyd waar ons ook ons eie huwelik bevestig het. Ons sien ook in die Woord hierdie alledaagsheid van die huwelik. In Matteus 24:38 word trou, saam met eet en drink as alledaagse aktiwiteite geklassifiseer. Ons lees daar: “³⁸Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe

hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het,”

Ook wanneer ons begin lees van hierdie bruilof in Kana in die begin van ons teksgedeelte. Lees ons niks ongewoon of spesiaal nie. Daar word bloot gestel dat daar 'n huwelik in Kana plaasvind. Die name of familieverband van die man en vrou wat trou word nie gegee nie. Al wat genoem word is die derde dag. Die derde dag, of soos ons dit ken Woensdag was 'n algemene trouedag onder getroue Israeliete. Dit het die wetlike bepalinge rondom die huwelik makliker gemaak, omdat die hof gewoonlik op 'n Donderdag gesit het. Hierdie gebruik is ook later deur vervolgers gebruik om Israelitiese meisie te spesifiek te teiken en te onteer voor hulle trouedag. Dit het uiteindelik daartoe gelyk dat 'n Woensdag troue juis ongewild geraak het onder die volk.

Maar uiteindelik word nie eers die naam van Maria, Jesus se moeder genoem nie. Daar word bloot verwys na Jesus se moeder, en Sy dissipels. Uit die res van die Bybel leer ons ook die Here Jesus so ken. Hy word nie in 'n adellike familie gebore nie. Hy word nie soos Moses groot in 'n paleis nie. Ons Here Jesus Christus is deel van 'n timmerman familie en woon waarskynlik iemand naby aan die familie se troue in ons teksgedeelte by.

3. 'n Bietjie meer spesiaal

Tog is 'n bruilof geleentheid 'n bietjie meer spesiaal as dit. Ons sien vandag nog om ons in feitlik alle kulture dat tydens die bruilofsfees, die bruidegom koninklik en die bruid as die mees spesiaalste eregas behandel word. Dit pas ook presies in by die konsep van die huwelik uit die woord van God. Ons weet dat die huwelik dikwels gebruik word om die verhouding tussen God en die volk Israel uit te beeld in die Ou Testament. Die aanbidding en verering van ander afgode word dan dikwels in verband gebring met ontrouheid in die huwelik

In die Nuwe Testament sien ons dan hierdie verhouding tussen Christus en die kerk. Daar word in gedeeltes soos openbaring 19 verwys na die bruilofsmaal van die lam. Ons Here Jesus Christus word uitgebeeld as die bruidegom en die kerk die bruid. Ons weet ook dat ons vir Christus bely as die koning van konings. Daarom kom die verband met bruidegom as koning natuurlik vir ons.

Hierin lê 'n ander openbaring aan ons vandag. Net omdat die huwelik en die bevestiging daarvan so alledaags is, is dit tog steeds baie spesiaal. Ons kan maar net na die aanslag van die bese op die huwelik kyk, om hierdie saak te bevestig. Want teen die wil van God in, is ook egskeiding vandag 'n algemene saak. Daarby wil 'n moderne wêreld om ons, ander Godslasterlike vorme

van die huwelik op ons af forseer vandag.

Daarom het ons die plig om ook die huwelik te beskerm en te bewaar. Om dit rein, heilig en tot God se eer en verheerlik te hou. Al hierdie sake is ook belangrik vir ons Here Jesus Christus en daarom is die adres en geleentheid vir Sy aardse bediening ook 'n huweliksbevestigings geleentheid. So alledaagse, maar ook so spesiaal.

4. Die kollig word nie gesteel nie

Maar as daar uiteindelik een ding is wat die koning van konings nie op die bruilof in Kana doen nie, is dit om die kollig te steel nie. Ons ken almal bruilofsgaste wat die geleentheid kaap of oorneem. Dikwels gebeur dit tot groot ontsteltenis van die bruidspaar. Maar dit is nie wat in ons teksgedeelte gebeur vandag nie. Ons Here Jesus Christus werk agter die skerms. Hy werk daar tussen werksmense. Hy werk met gesag en die werksmense erken en gehoorsaam hierdie gesag. Maar uiteindelik weet nie eers die seremoniemeester wat werklik gebeur het nie.

En dit is op hierdie punt wat ons so baie raakpunte sien met die Verlossing wat Christus bring. Eerstens word die verleentheid in ons teksgedeelte nie aan die groot klok gehang nie. Daar is nie 'n publiek aankondiging dat die wyn nou op is nie. Die bruidegom wat tradisioneel verantwoordelik was vir die

wyn word hierdie verleentheid gespaar. Daar word beweer dat Maria waarskynlik ook 'n mate van verantwoordelik vir die wyn gehad het. Daarom het sy vroeg en spesifiek opgetree. Maar ook hierin eer Jesus Sy ouers.

Die tweede punt is die spesifieke besonderhede van die wonder. Christus tree bonatuurlik op. Met bonatuurlike optrede sou Hy die behoefte of aanvraag na wyn onder die gaste kon laat verdwyn het. Sodat niemand eers sou agterkom die wyn is op nie. Maar Christus kom skep nie 'n nuwe normaal waarin die sonde nou maar aanvaarbaar en deel van alles is nie. Nee Hy kom gee nuwe wyn. Hy sou uiteindelik Sy eie liggaamsbloed aan die kruis offer as betaling vir ons sondes.

Laastens is dit wat Christus kom gee en doen volmaak. Die wyn by die bruilof oortref enige aardse standaard. Dit is volmaak, soos wat Christus se verlossingswerk ook volmaak is hier op aarde. Wanneer die volmaakte Verlosser, ons Here Jesus Christus ons alledaagse sondige wêreld betree kan dit nie weggesteek word nie. Dit is duidelik sigbaar en herkenbaar. Tog gaan die nie oor aardse roem en eer nie, maar ook ewige verlossing.

5. Slot

Ons kan afsluit met die volgende gedagte. Ons teksgedeelte vanoggend merk die begin van 'n belangrike

tydperk. Ons weet dat ons Here Jesus Christus nie aan Sy Goddelikheid vaskleef nie, maar dit neerlê om na die aarde te kom. Die rede waarom dit nodig is lê in die mens en sy sonde. In ons sonde skep ons 'n afstand tussen die Here en ons. Maar die genade van die Here is groter.

Selfs nog voor die sondeval in Genesis 3, laat die Here nie maar die man alleen ronddwaal op die aarde nie. Nee, Hy gee aan Hom 'n helper, 'n vrou. Uit hierdie vrou word daar dan ook 'n nageslag vir die man gebore. Hy kry 'n familie. En al hierdie dinge gebeur in die huwelik. 'n Instelling deur God in genade vir die mens. Ons weet tot vandag tot nog is gesonde huwelike, die boubokke van 'n gesonde samelewing.

Maar die bose het ander planne. Dit is binne die huwelik waar die sondeval gebeur. Adam en Eva besluit saam om ongehoorsaam aan God te wees. Maar dan in ons teksgedeelte vandag sien ons dat in die huwelik kom daar ook weer genadige verlossing. lewers by 'n huwelik van onbekende persone in Kana, begin ons Here Jesus Christus met Sy verlossingswerk. Dit gebeur stil in die agtergrond. Maar sal soos die wyn by die bruilof in Kana deurvloei tot by die laaste uitverkore gas, sal die verlossing in die Here ook die laaste uitverkore kind van God bereik.

Amen